higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

13 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B✓
1.2 D✓
1.3 C✓
1.4 D✓
1.5 D✓
1.6 B✓
1.7 B✓
1.8 C✓
1.9 C✓
1.10 C✓

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar✓
2.2 Onwaar✓
2.3 Onwaar✓
2.4 Waar✓
2.5 Onwaar✓
2.6 Waar✓
2.7 Waar✓
2.8 Waar✓
2.9 Waar✓
2.10 Waar✓

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 K
3.2 F
3.3 M
3.4 L
3.5 C
3.6 B
3.7 O
3.8 H
3.9 G
3.10 I

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

(Aantekening aan nasiener: EEN punt vir elk van die volgende konsepte, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

- Handeling moet onwelvoeglik of aanstootlik vir andere wees.
  Jane se daad sal die algemene morele gevoel van die gemeenskap aanstoot gee.
- In die openbaar:
  Jane se daad het op ’n openbare strand plaasgevind.
- Opset
  Jane het die onwelvoeglike handeling opsetlik uitgevoer.
- Wederregtelikheid:
  Jane het geen regverdigingsgronde gehad vir dit wat sy gedoen het nie.
- Waarskynlikheid dat sy gesien sou word:
  Jane het die handeling uitgevoer in omstandighede waar dit waarskynlik is dat andere haar sal sien. **[5]**

VRAAG 5

5.1 (Aantekening aan nasiener: EEN punt vir elk van die volgende konsepte, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

- Daar moet ’n regsplig op die persoon rus om te handel.
- Die versuim moet vrywillig wees. ✓/Dit moes vir die persoon moontlik gewees het om gewillig en met kennis te handel; nogtans het hy nie. (2)

5.2 (Aantekening aan nasiener: EEN punt vir enige DRIE van die volgende voorbeelde, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

- Wanneer ’n persoon wat ’n openbare amp beklee wat ’n regsplig op hom of haar plaas om te handel, versuim om dit te doen, soos polisiebeamptes wat versuim om te handel wanneer ’n misdaad in hul teenwoordigheid gepleeg word.
- Wanneer ’n persoon versuim om te handel wanneer wetgewing van hom of haar vereis om te handel, soos wanneer ’n persoon nalaat om ’n motorvoertuigongeluk by die polisie aan te meld terwyl die Padverkeerswet jou verplig om dit te doen.
- Wanneer ’n persoon versuim om die veiligheid van ’n potensieel skadelike situasie te verseker, soos wanneer ’n bouer nalaat om te verseker dat steierwerk veilig is.
- Wanneer burgers nalaat om hoogverraad by die polisie aan te meld.
- Versuim om ’n hofbevel uit te voer.
- Verbreking van kontraktuele plig
- Versuim om ‘n gevaarlike voorwerp of dier te beheer
- Versuim om ’n persoon wat in ’n beskermende verhouding is teen nadeel te beskerm, soos om te weier om kinders kos te gee

(3)

Kopiereg voorbehou

- Versuim om skade of nadeel te voorkom wat uit ’n vorige positiewe handeling spruit, soos om nie ’n vuur wat gemaak is behoorlik te blus nie, wat later tot skade of die dood lei.

[5]

VRAAG 6

6.1 Lisa kan noodweer/selfverdediging as ’n regverdigingsgrond aanvoer. (1)

6.2 (Aantekening aan die nasiener: Enige TWEE van die volgende vir die element en die verduideliking, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

Bedreiging op hande: Daar moet ’n onmiddellike en wesenlike bedreiging of skade of gevaar bestaan. In hierdie geval kom die situasie waarvolgens die indringer by Lisa se huis inbreek en met ’n mes nader aan haar beweeg op ’n dreigende gevaar neer.

Proporsionele geweld: Die geweld wat in noodweer gebruik word, moet eweredig wees aan die bedreiging wat ’n persoon konfronteer. Aangesien die indringer met ’n mes gewapen was en Lisa rede gehad het om te glo dat haar lewe in gevaar was, kan die gebruik van ’n vuurwapen om die bedreiging te neutraliseer as proporsioneel beskou word.

Oortuiging: Lisa moet werklik glo dat sy geen ander redelike middele gehad het om haar teen die bedreiging te beskerm nie. Haar vrees vir haar lewe en besluit om die vuurwapen in reaksie op die indringer se aggressie te gebruik, dra tot hierdie oortuiging by.

Geen provokasie nie: Die persoon wat hom/haar op noodweer/selfverdediging beroep, moes nie die aanval uitgelok het of enige onregmatige gedrag openbaar het wat tot die konfrontasie gelei het nie.

Onmiddellike reaksie: Die gebruik van geweld behoort ’n regstreekse reaksie op die dreigende gevaar te wees en behoort gestaak te word sodra die bedreiging geneutraliseer is. (4)

6.3 (Aantekening aan nasiener: EEN punt vir enige TWEE van die volgende en EEN punt ✓ vir ’n geskikte voorbeeld van elk, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

1. **Noodsaaklikheid/Noodtoestand**
   Voorbeeld:
   ’n Persoon oorskry die snelheidsgrens om ’n kritiek siek kind by die hospitaal te kry.

2. **Onmoontlikheid**
   Voorbeeld:
   ’n Ernstig fisiek gestremde persoon wat geen hulp het nie, versuim om ingevolge ’n hofbevel by die polisiekantoor aan te meld.

3. **Instemming**
   Voorbeeld:
   'n Persoon gee toestemming aan 'n tatoeëerkunstenaar dat sy gesig gesny word vir liggaamsmodifisering.

4. **Tugreg**
   Voorbeeld:
   'n Ouer gebruik matige lyfstraf om sy kind te dissiplineer.

5. **Uitvoering van 'n bevel**
   Voorbeeld:
   'n Polisiebeampte neem 'n persoon op bevel van sy senior in hegtenis.

6. **Amptelike hoedanigheid**
   Voorbeeld:
   'n Polisiebeampte sluit 'n verdagte in 'n polisiesel op ná inhegtenisneming.

7. **Welwillende bemoeiing/veronderstelde toestemming**
   Voorbeeld:
   'n Persoon betree sy buurman se eiendom sonder toestemming om 'n stukkende venster reg te maak wanneer die buurman met vakansie is en nie bereik kan word nie.

8. **Beuselagtigheid/onbenulligheid**✓
   Voorbeeld:
   Onbenullige aanklagte soos wanneer 'n persoon 'n paar takkies en blare van die skeidsheining afknip en die bure dien 'n klag van kwaadwillige saakbeskadiging in. (6)

[11]

VRAAG 7

7.1 Scenario 1: **Gemeenregtelike meineed**
Scenario 2: **Dwarsboming van die regspleging of regsverydeling** ✓ (2)

7.2 **Gemeenregtelike meineed:**
(Aantekening aan nasiener: Enige VIER van die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

- Lê 'n verbale of skriftelike verklaring af
- Die verklaring moet vals of onwaar wees. ✓
- Dit moet onder eed of gelykstaande aan 'n eed afgelê word.
- Tydens geregtelike verrigtinge ✓
- Vals verklaring moet wederregtelik wees/Geen geldige regverdigingsgronde nie
- Vals verklaring moes opsetlik afgelê geword het.

Dwarsboming van die regspleging/regsverydeling:
(Aantekening aan nasiener: Enige VIER van die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

- Daar moet die een of ander vorm van handeling/optrede wees.
- Die optrede moes verhoed het dat geregtigheid plaasgevind het of moes met die regsproses ingemeng het. ✓ (8)
- Die loop van uitoefening van die reg/regspleging /Die gewone manier waarop die regspleging veronderstel is om voort te gaan, moes nadelig geraak gewees het.
- Die optrede moes onwettig of wederregtelik gewees het/Geen geldige regverdigingsgronde nie.
- Die optrede moes opsetlik plaasgevind het.

[10]

VRAAG 8

8.1 Scenario 1: **Aanstigting**
Scenario 2: **Sameswering** (2)

8.2 (Aantekening aan nasiener: EEN punt vir enige DRIE van die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

Elemente van aanstigting:

- **Opset om aan te hits:** Die persoon wat die onwettige daad aanmoedig, moet die opset hê om iemand anders aan te hits om die misdaad te pleeg.
- **Kommunikasie:** Daar moet kommunikasie wees, hetsy verbaal, skriftelik of simbolies, wat die aanmoediging oordra om die onwettige daad te pleeg.
- **Die werklike misdaad hoef nie gepleeg te word nie.**

Elemente van sameswering:

- **Meer as een party:** ’n Enkele party kan nie saamspan/saamsweer om ’n misdryf te pleeg nie.
- **Kommunikasie:** Die partye moes in regstreekse kommunikasie met mekaar gewees het.
- **Wederregtelikheid/onwettigheid:** Die partye moes wederregtelik saamgesweer het om ’n misdaad te pleeg.
- **Ooreenkoms:** Twee of meer individue moes ’n ooreenkoms bereik het om ’n misdryf te pleeg.
- **Opset:** Die samesweerders moes die opset gehad het om aan die beplande strafregtelike handeling deel te neem.

- **Kennis:** Die partye moes willens en wetens ingestem het om die misdaad te pleeg en geweet het dat hul verbintenis 'n misdryf sou wees. (6)

- **Die werklike misdaad hoef nie gepleeg te word nie.**

[8]

TOTAAL AFDELING B: 39

AFDELING C

VRAAG 9

9.1 Scenario 1: Diefstal
Scenario 2: Roof (2)

9.2 (Aantekening aan nasiener: Ken punte toe soos aangedui, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

Stawing

Diefstal:
Dit word gepleeg wanneer 'n persoon **wederregtelik en opsetlik** iemand anders se **roerende en tasbare eiendom toe-eien**.
In hierdie scenario eien Pule opsetlik die rugsak toe/neem die rugsak wat aan Sipho behoort.

Roof:
Dit word gepleeg wanneer die oortreder **eiendom verwyder wat aan iemand anders behoort** of **diefstal pleeg** deur middel van die **wederregtelike en opsetlike gebruik van geweld of dreigemente van geweld**.
In hierdie scenario gebruik Alex dreigemente van geweld om die **eiendom** van die slagoffer uit haar besit te verwyder. (8)

[10]

VRAAG 10

10.1 **Oortreding:** Bestuur onder die invloed✓ (1)

10.2 **Stawing:**

10.2.1 **Sit op die bestuurdersitplek van 'n voertuig terwyl die enjin loop:**

(Aantekening aan nasiener: EEN punt vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

Slegs motorvoertuie

(3)

Irrelevant of die voertuig om die een of ander rede nie kan beweeg nie
Jess het vrywillig in die bestuurdersitplek van haar motorvoertuig plaasgeneem voordat sy haar bewussyn verloor het.

10.2.2 **Openbare pad:**

(Aantekening aan nasiener: EEN punt vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

Enige pad, straat, deurloop, of rand, brug of voorwerp wat deel daarvan uitmaak✓ wat algemeen deur die publiek gebruik word ✓ of waartoe die publiek toegangsreg het. ✓

Die parkeerplekke langs die pad word as deel van die pad beskou wat algemeen deur die publiek gebruik word en word as 'n openbare pad beskou. (4)

10.2.3 **Bewys dat Jess onder die invloed van drank of dwelms was terwyl sy bestuur het:**

(Aantekening aan nasiener: Enige TWEE van die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

- Jess het agt alkoholiese drankies en 10 sopies Jägermeister gedrink voordat sy probeer het om te bestuur.
- Jess het uit die huis geslinger.
- Jess het bo-oor die stuurwiel van haar motor haar bewussyn verloor. (2)

[10]

VRAAG 11

11.1 (Aantekening aan nasiener: Een punt ✓ vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

Oortreders: Siswe en Joseph

Stawing:
Hulle het die misdaad gepleeg.✓
Siswe en Joseph is mededaders en is in gelyke mate verantwoordelik aangesien hulle gemeenskaplike oogmerk gehad het. Hulle het tesame gehandel om die misdaad te pleeg. (3)

11.2 (Aantekening aan nasiener: EEN punt vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

Meedoener: Sarah

Stawing:
Sarah het aan die misdaad deelgeneem maar het nie ’n gemeenskaplike oogmerk met Siswe en Joseph gedeel nie aangesien sy nie saam met hulle gehandel het om die misdaad te pleeg nie. (3)

11.3 (Aantekening aan nasiener: Een punt ✓ vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

Medepligtige: Mark

Stawing:
Mark het die oortreders gehelp om die misdaad te pleeg maar voldoen nie aan al die elemente van die misdaad nie. (2)

11.4 (Aantekening aan nasiener: EEN punt vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

Begunstiger: Jenny

Stawing:
Jenny het een van die oortreders gehelp nadat die misdaad gepleeg is met die bedoeling om te verhoed dat hy gevang word. (3)
[11]

TOTAAL AFDELING C: 31
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou